

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 22 AUGUST 2013

1. The House met at 14:15.
2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:16] The Deputy Speaker welcomed the students from the University of Stellenbosch in the House.
4. [14:17] Interpellations.
5. [14:35] Questions.
6. [15:22] Statements by Members.
7. [15:50] Ms A Rossouw moved without notice: That the House congratulates the new councillors who were elected in the municipal by-elections in the Western Cape on 7 August 2013 in Bergrivier, Oudtshoorn, Overstrand and George, namely councillors Danny Smith – Bergrivier; Jurie Harmse – Oudtshoorn; Melvin Naik – George; Kari Brice – Overstrand and notes that the African National Congress only received eight votes.

Agreed to.

8. Ms M Tingwe moved without notice: That the House expresses its heartfelt sympathy with the family and friends of the learners killed in the Rheenendal bus tragedy, as Saturday will mark the second anniversary of this tragic accident in August 2011.

Agreed to.

9. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –
  - (1) congratulates Ms Jacqui Gooch on her appointment with effect from 1 November 2013 as the new Head of the Department of Transport and Public Works in the Western Cape; and
  - (2) thanks Mr Johan Fourie for the loyal and dedicated service rendered by him as a public servant in the past 40 years and especially the past three years in which he served as the Head of the Department of Transport and Public Works.

Agreed to.

10. Ms J Witbooi moved without notice: That the House –
- (1) expresses its sympathy to the thousands of people who have lost their homes and who have suffered severe damage due to flooding and high water levels in the City of Cape Town in the past few weeks; and
  - (2) calls on the people of the Western Cape to come to the assistance of these people, who are in dire need of help.
- Agreed to.
11. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House –
- (1) congratulates the Minister of Education and the Department of Education of the Western Cape on the fact that 100% of the complaints lodged with the Presidential Hotline during April and May 2013 had already been addressed as at the end of May; and
  - (2) expresses the view that this is proof of the seriousness and dedication of the Minister of Education of our province and his Department with regard to education in the Western Cape.
- Agreed to.
12. Mr M C Walters moved without notice: That the House conveys its congratulations to the Springbok rugby team and Heyneke Meyer, the coach of the Springboks, on the record-breaking win over Argentina in the first test in the Rugby Championship series last Saturday, on 17 August 2013, when they beat the Pumas by 73 points to 13 in the FNB Stadium in Soweto.
- Agreed to.
13. Mr M Ncedana moved without notice: That the House congratulates the Minister of Sport and Recreation, Mr Fikile Mbalula, for organising the Nelson Mandela Sport and Culture Day, a day on which all South Africans contributed towards the funding of the Nelson Mandela Children's Funds and the construction of the Nelson Mandela Children's Hospital.
- Agreed to.
14. [15:58] Minister D Plato, with leave, made a personal explanation in terms of Rule 63(2).
15. [16:05] The House discussed the following subject in the name of Mr R B Lentit:
- The success of the Democratic Alliance Western Cape's pro-poor programmes and proposals that are benefiting the people of the Western Cape.
- Debate concluded.
16. The House adjourned at 17:15.

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

## VAN DIE

# PARLEMENT VAN DIE

# PROVINSIE WES-KAAP

=====

DONDERDAG, 22 AUGUSTUS 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Adjunk Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:16] Die Adjunk Speaker verwelkom die studente van die Universiteit Stellenbosch in die Huis.
4. [14:17] Interpellasies
5. [14:35] Vrae.
6. [15:22] Verklarings deur Lede.
7. [15:50] Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan die nuwe raadslede wat op 7 Augustus 2013 in munisipale tussenverkiesings in die Wes-Kaap verkies is in Bergrivier, Oudtshoorn, Overstrand en George, naamlik raadslede Danny Smith – Bergrivier; Jurie Harmse – Oudtshoorn; Melvin Naik – George; Kari Brice – Overstrand en daarvan kennis neem dat die African National Congress slegs agt stemme gekry het.

Goedgekeur.

8. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy opregte medelye uitspreek teenoor die familie en vriende van die leerders wat gesterf het in die bustragedie wat by Rheenendal plaasgevind het aangesien dit Saterdag die tweede herdenking sal wees van dié tragiese ongeluk in Augustus 2011.

Goedgekeur.

9. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
  - (1) me Jacqui Gooch gelukwens met haar aanstelling vanaf 1 November 2013 as die nuwe Hoof van die Departement van Vervoer en Publieke Werke in die Wes-Kaap; en
  - (2) mnr Johan Fourie bedank vir die lojale en toegewyde diens wat hy die afgelope 40 jaar as openbare amptenaar gelewer het en veral vir die laaste drie jaar waarin hy as die Hoof van die Departement van Vervoer en Publieke Werke gedien het.

Goedgekeur.

10. Me J Witbooi stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) sy medelye uitspreek teenoor die duisende mense wat die afgelope paar weke hul huise verloor het en wat baie kwaai skade gely het as gevolg van die oorstromings en hoë watervlakke in die Stad Kaapstad; en
- (2) ’n beroep doen op die mense van die Wes-Kaap om bystand te verleen aan dié mense, wat ’n dringende behoefte het aan hulp.

Goedgekeur.

11. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) die Minister van Onderwys en die Departement van Onderwys van die Wes-Kaap gelukwens met die feit dat 100% van die klagtes wat gedurende April en Mei 2013 by die Presidensiële Klagtelyn aangemeld is, reeds aan die einde van Mei opgelos was; en
- (2) die mening uitspreek dat dit ’n bewys is van die erns en toewyding van ons provinsie se Minister van Onderwys en sy Departement ten opsigte van die onderwys in die Wes-Kaap.

Goedgekeur.

12. Mnr M C Walters stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan die Springbok-rugbyspan en aan Heyneke Meyer, die afrigter van die Bokke, met hulle rekordoorwinning oor Argentinië in die eerste toets in die Rugby-kampioenskapsreeks verlede Saterdag, op 17 Augustus 2013, toe hulle die Poemas in die FNB-stadion in Soweto oortuigend met 73 punte teen 13 verslaan het.

Goedgekeur.

13. Mnr M Ncedana stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Minister van Sport en Ontspanning, mnr Fikile Mbalula, gelukwens met die organisering van die Nelson Mandela Sport- en Kultuurdag, ’n dag waarop alle Suid-Afrikaners bygedra het tot die befondsing van die Nelson Mandela Kinderfonds en tot die finansiering van die bou van die Nelson Mandela Kinderhospitaal.

Goedgekeur.

14. [15:58] Minister D Plato doen met verlof ’n persoonlike verduideliking ingevolge Reël 63(2).

15. [16:05] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van mnr R B Lentit:

Die sukses van die Demokratiese Alliansie Wes-Kaap se pro-arm- programme en voorstelle wat tot voordeel van die mense van die Wes-Kaap is.

Debat afgesluit.

16. Die Huis verdaag om 17:15.